Begripstoets

Naam: ____________________ Datum: _____________

# Eerste dag in Graad 7

Dit is Mia se eerste dag in Graad 7. Sy is nou die oudste in die skool. Dit is haar laaste jaar wat sy in die laerskool is voordat sy hoerskool toe gaan. Sy kan nie wag nie!

Mia kom vinnig agter dat Graad 7 baie moeiliker is as graad 6. Hulle het vandag amper in elke vak huiswerk gekry en dit is nog net die eerste dag van skool. Juffrou hatting het gese hulle skryf vrydag hulle eerste Wiskunde toets om hulle kennis te toets. Sy raak nou sommer benoud oor Graad 7.

Mia is darem in 'n lekker klas. Daar is net 32 leerders in die klas. Hulle het 15 seuns en 17 meisies. Mia se gunstelling vak sover is kuns. Hulle kuns juffrou het gese hulle gaan die kwartaal hulle eie masker uit klei uit moet bou en die tema van die maskers is Egipte. Sy dink dit gaan so lekker wees.

Vandag is ook die proewe vir die netbal se A span. Sy hoop regtig sy kom in. Haar kerel speel vir die A span rugby, so sy moet ook in die A span inkom.

Beantwoord die volgende vrae:

1. Bestudeer die titel van die leesstuk. Hoe sluit dit by die inhoud van die leesstuk aan?

   ____________________________________________________________

   ____________________________________________________________

   ____________________________________________________________

2. Hoekom se Mia is graad 7 moeiliker as graad 6? Skryf 2 redes neer.

   ____________________________________________________________

   ____________________________________________________________

   ____________________________________________________________

3. Hoekom is Mia se gunstelling vak sover kuns?

   ____________________________________________________________

   ____________________________________________________________

4. Hoekom wil Mia graag in die A span kom?

   ____________________________________________________________

   ____________________________________________________________

5. Skryf die volgende sin met die regte leestekens oor.

   Juffrou hatting het gese hulle skryf vrydag hulle eerste Wiskunde toets om hulle kennis te toets.

____________________________________________________________

____________________________________________________________


6. Wat is die antoniem van die woord "eerste"

   ____________________________

Begripstoets

Naam: ______________________ Datum: _______________

# Visarende



Het jy al ooit die mooi kreet van 'n visarend gehoor? Die visarend het 'n lang "kyeow-kou-kou" roep. Dit is pragtig!

Visarende is groot roofvoels wat klein krokodille, rotte, visse en waterskilpaaie vang. Die meeste arende soek hulle prooi in die water terwyl hulle vlieg. Hulle vlieg dan vining ondertoe en gryp 'n vis met hul magtige kloue uit die water.

Visarende leef gewoonlik langs damme, mere en riviere. Visarende gebruik sommer dieselfde neste oor en oor, en bou gedurig dele by. Die neste word naderhand taamlik diep en baie groot.

Twee of drie eiers word gewoonlik per keer gelê. Die oudste kykens maak ongeukkig baie kere die jongstes dood, maar af en toe sal twee van hulle darem bly lewe.



Beantwoord die volgende vrae:

1. Watter geluid maak 'n visarend?

   ___________________________________________________

2. Wat eet 'n visarend?

   ___________________________________________________

3. Wat is die meervoud van waterskilpad?

   ________________________

4. Hoe vang 'n visarend sy prooi?

   ___________________________________________________

   ___________________________________________________

   ___________________________________________________

5. Onderstreep die werkwoord in die sin:

   Visarende is groot roofvoels wat klein krokodille, rotte, visse en waterskilpaaie vang.

6. Daar is 'n spelfout gemaak in paragraaf 4? Skryf die regte woord neer.

   ______________________________

7. Verdeel die woord **sommer** in paragraaf 3 eers in lettergrepe en dan in klankgrepe.

   Lettergrepe: ______________

   Klankgrepe: ________________